# Studente besoek aan Maputo


**Vervolg van bladsy 24**

hierdie besoek was opsigself 'n besondere ervaring, hoewel ekself die situasie heel goed ken en Mosambiek reeds 'n hele aantal kere sedert 1977 besoek het.

Hulle is deur verskeie fases en dit was treffend om op te merk hul aanvanklike emosionele en intellektuele verwarring. Alles was dan so totaal anders as wat hulle dit voorgestel het, selfs al was hulle daarvan bewus dat die regering en selfs dele van die media hul skuldig maak aan wanvoorstellinge.

Eers was daar ongeloof en verbasing. En twyfel of dit wat aan hulle meegedeel is deur Frelimo woordvoerders werklik alles waar kan wees. Maar soos wat hulle dag na dag gekonfronteer is met die een onomstootlike realiteit na die ander het elkeen van daardie studente hul eie rubicons oorgesteek soos hulle tot gevolgtrekkings gekom het, wat nog die vorige week in Suid-Afrika vir hulle ondenkbaar was.

Na verskeie dae en intense gesprekke met Frelimo, waar die studente hulle indringend onder kruisverhoor geneem het, had hulle geen twyfel meer oor Suid-Afrika se ware rol in die destabilisasie van Mosambiek. Diep onder die indruk van die merkwaardige openhartigheid en selfkritiek van Frelimo oor hul eie foute en beperkinge was die konsensus onder die studente: "Ons het geen keuse as om hulle te glo nie. Maar wie gaan ons terug in Suid-Afrika glo wanneer ons verklarings maak direk in stryd met regerings-propaganda?"



*Laurie Ackermann van Universiteit Stellenbosch in gesprek met een van die gashere.*

Om daardie rede is daar ook besluit om gesprekke met non-Frelimo bronne te reël om sodoende deur onafhanklike waarnemers die inligting van Frelimo te kontroleer. Daar was verbasing dat sommige verteenwoordigers van Westerse lande, sommige met konserwatiewe regerings, nog meer uitgesproke was oor die destabilisasie strategie van Suid-Afrika.

Die Maputo besoek had drie fasette:

Eerstens was daar breedvoerige gesprekke met Frelimo akademici, mediese dokters, ingenieurs, verpleegsters, slagoffers van Renamo terrorisme, opvoedkundiges, studente en werkers. Daar was ook lesings deur sleutel Frelimo figure soos Sergio Vieira, direkteur van die Sentrum van Afrika Studies en 'n vorige minister van Staatsveiligheid, en Luis Cabacco, ook 'n vorige kabinetsminister.

Tweedens is 'n onafhanklike program self gereël, los van die offisiële Frelimo reëlings.

Daar was diepte gesprekke met die Amerikaanse en Sweedse ambassadeurs, met hulpverlenings werkers en westerse joernaliste, en met diplomate en joernaliste van die Sowjet Unie. Laasgenoemde het gehandel oor die Russiese persepsie van Suider-Afrika en die nuwe beleid van glasnost.

En derdens was daar twee afsonderlike ontmoetings met 'n vyf-man delegasie van die ANC onder leiding van hul Maputo verteenwoordiger Kingsley Molope. Ook dit was op eie inisiatief ge-organiseerd. Die gesprekke het gegaan oor 'n verskeidenheid van sake, maar veral oor die nuwe ANC grondwetlike voorstelle en die kwessie van geweld as 'n strategie.

'n Skokkende en pynlike ervaring van hierdie jong Afrikaners op hul odyssey en eerste besoek aan 'n Afrika staat was die besoek aan die Maputo hospitaal en aan die onskuldige slagoffers van goedbeplande Renamo terreurdade. Burgerlikes is geskiet en kinders is gemartel deurdat hul vingers afgekap is omdat hulle nie hul eie ouers wou vermoor nie. En daar was sale vol jong babas en klein kinders, slagoffers van ondervoeding.

Mark Behr van Stellenbosch, die uiterlike sterk en taai leier van die groep, het trane in sy oë gehad — so kragtig was die impak van die besoek!




*L na R: Barry Terreblanche (voor), Daniel Malan, Laurie Ackermann en Pierre de Vos — almal lede van die studente groep.*

# Studente besoek aan Maputo

IN 1837 het die eerste Voortrekkers onder aanvoering van Louis Trichardt in die destydse Lourenco Marques aangekom in hul soeke na 'n eie aparte Afrikaner vaderland. En met die doel om op 'n apartheidsbasis 'n sogenaamde "blanke westerse beskawing" in "heidense" swart Afrika te vestig.

Maar 151 jaar later in September 1988, vind daar weer 'n besoek plaas van wat nou bekend is as Maputo deur nasate van die Voortrekkers.

Hierdie is egter 'n heel anderse trek deur 'n nuwe geslag jong Afrikaners op soeke na hul plek in 'n post-apartheid Suid-Afrika, op soeke na hul rol in hul verbondenheid met Suid-Afrika op weg na swart meerderheidsregering, en op soeke na die waarheid oor die realiteite van die sub-kontinent waarin hul leef.

Die besoek van dertien Afrikaanssprekende studente van die Universiteite van Stellenbosch, Port Elizabeth, Bloemfontein en Pretoria aan Mosambiek was 'n baanbreker gebeurtenis. Veral gedagtig aan die feit dat die meeste van stoere Afrikaner Nasionalistiese families kom,

HENNIE SERFONTEIN

met 'n tradisionele Christelike nasionale skool opleiding.

Hulle was gaste van die Sentrum van Afrika Studies aan die Eduardo Mondlane Universiteit van Maputo




*Mnr. Hennie Serfontein, toer-leier, langs 'n gedenksteen aan Ruth First.*

en van die Frelimo Jeugbeweging.

Hoewel almal krities is oor die regering en apartheid, was dit nie 'n homogene groep nie. Hul politieke opvattinge het gewissel van 'n paar linkse liberales tot gematigde konserwatiewes.

Tog was die groep almal diep geskok oor hul ervaringe en kennis wat hul opgedoen het. En hulle was eenparig in hul twee vernaamste bevindinge.

Eerstens, dat blanke Suid-Afrika die slagoffers is van intense regerings propaganda en 'n doelbewuste en sistematiese veldtog van breinspoeling en disinformasie. Dit behels totale valse wanvoorstellinge van 'n buurstaat soos Mosambiek en van die verbanne African National Congress (ANC).

Tweedens die regering se doelbewuste strategie van destabilisasie en sy volgehoue direkte en indirekte ondersteuning van die Renamo terroristiese organisasie, is die hoofoorsaak van die tragiese lydinge van miljoene onskuldige burgerlikes in Mosambiek.

Om die studente te vergesel op

**Vervolg op bladsy 23**



*Links na Regs: Ronel Nel en Tanja Hichert, studente van Universiteit Stellenbosch voor 'n enorme "mural".*